

Mnr Onsekerheid

Uitgawe 74: Mei 2016

Per definisie impliseer ons toekoms onsekerheid. Die beginsel van onsekerheid (en waarskynlikheid) is een van die fundamente in kwantumfisika. Dit sê basies dat ons nie al die eienskappe van kwantum deeltjies met onbeperkte akkuraatheid kan meet nie.

Ons makro wêreld en Suid-Afrika in besonder is onseker. Kyk na die instroming van immigrante na Europa en 'n omstrede aanloop na die presidentsverkiesing in die Verenigde State. Niks kan regtig ons toekoms meer seker maak nie – daar is geen voorskrif vir onsekerheid nie. Generasies het nog altyd te doen gehad met grade van onsekerheid en by tye wanneer dinge lyk asof dit seker kan wees, is dit juis nie...

Die eerste kwartaal van 2016 was in baie opsigte stormagtig. Dink maar net aan die finansiële markte, die Rand en ons politiek. Te danke aan die wispelturige besluite van ons agbare president en sy regering, het die media in hierdie tyd geen tekort aan sensasionale hoofopskrifte gehad nie. Dit was nogal interessant om die populêre mening in die hoofstroommedia te volg. Die gevoel is dat Suid-Afrika se probleme sal verdwyn indien ons die vertrek van Zuma sou sien. Natuurlik is niks verder van die waarheid verwyderd nie. So, gegewe die huidige beleggingsomgewing (waar onsekerheid die enigste sekerheid blyk te wees), wat is die sleutel waarhede waarvan ons bewus is?

1. Ons weet vir seker dat die beste riglyn vir toekomstige beleggingsopbrengste die aanvangsprys is wat jy vir 'n bate betaal. Baie ken die storie van die sakeman wat op sy vernuf en sukses uitgebrei het en dit duidelik gestel dat hy nie sy wins met 'n verkoop van iets gemaak het nie, maar wel toe hy teen 'n goeie prys gekoop het! Die les in die storie: dring altyd op korting aan.
2. Ons weet vir seker dat die werklike waarde van 'n besigheid in die algemeen nie op 'n daaglikse, weeklikse of maandelikse basis veel wissel nie. Waarom sou groot maatskappye soos Remgro, of Berkshire Hathaway (wat reeds vir dekades in besigheid is) se prys van die een dag na die volgende wissel? Is dit nie op grond van sentiment en/of toekomstige verwagtinge nie? Vreemd is dat eiendomsbeleggers geen maandelikse beleggingstaat ontvang nie. Hulle word dus nie gereeld herinner aan hoeveel die bate werd is nie. Maar maak dit regtig soveel saak? Beleggers behoort eerder op beleggingsinkomste te fokus, d.w.s. 'n stygende huurinkomste en dividende wat inflasie klop.
3. Ons weet vir seker dat ons nie weet hoe die aandelebeurs in die korttermyn daaruit sal sien nie. Die JSE op ongeveer 53,000 punte (en ten spyte van swakker opbrengste oor die afgelope 12 maande) vertoon in geheel relatief duur. Die prys-verdiensverhouding ('n maatstaf van hoe duur, of goedkoop 'n belegging is) van die FTSE/JSE Alle Aandele indeks is tans bo sy langtermyn gemiddelde.

Te midde van ernstige markskommeling ('n neef van "Mnr Onsekerheid"), is dit altyd belangrik om 'n langtermyn-siening te behou. Legendariese waardebelegger Benjamin Graham beskryf finansiële markte as 'n stemmasjien: "Op die kort termyn is die aandelemark 'n tipe stemmasjien, maar op die lange duur is dit 'n weegmasjien". Wat Graham bedoel, is dat batepryse in die nabye toekoms bepaal word deur beleggers wie se besluite (om te koop, of verkoop) grootliks deur hulle emosies voorgeskryf word. Sommige beleggers besluit op enige punt dat hulle óf van 'n belegging hou, of glad nie meer daarin belangstel nie. Dit is 'n emosionele reaksie, gewoonlik gemotiveer deur die

interpretasie van nuusgebeure. Graham se student, Warren Buffet, stel dit anders: "Die aandelemark is 'n toestel vir die oordrag van welvaart vanaf die ongeduldige na die geduldige."

"Grexit" die Brexit en meer...

"Zumit" kan ook sekerlik hier bygevoeg word. Soos die media aanhou om opspraakwekkende opskrifte te genereer, word beleggers voortdurend deur gebeure (wat buite hulle beheer is) verlei – en in die proses word belangrike beleggingsbesluite uitgestel.

Te oordeel na die nuusvloei moet Grexit en Brexit beduidend wees. Let wel dat regeringswanbestuur (in verskillende grade) homself oor die hele wêreld herhaal. Verder is dit interessant om daarop te let dat Griekeland nie eens 2% van die totale EU-ekonomie is nie. Die vraag is waarskynlik in watter mate Griekeland se probleme en Brittanje se skeiding van die EU ons geldsake raak? Ons kan hierdie feit dalk as vreemd beskou; maar wat in Griekeland gebeur, verander nie juis ons finansiële doelwitte nie. Dit is buite ons beheer. Ja, daar kan selfs 'n finansiële regstelling kom, maar ongeag die uitkoms, moet ons onthou dat 'n goeie finansiële plan die buigsamheid moet hê om onverwagse gebeure te kan akkommodeer. Wat ook al gebeur, moet asseblief nie bekommerd wees dat dit 'n goeie plan en 'n **gediversifiseerde beleggingsportefeulje** sal ontspoor nie.

Ignoreer die geraas en fokus op die feite

So, waarna kyk ons wanneer ons u beleggings bestuur?

- Ons ignoreer korttermyn sentiment (positief of negatief) wat die werklike fundamentele kwessies masker. Sentiment is waarna ons verwys as geraas;
- Ons klou vas aan maatskappye met uitstekende bestuurspanne en 'n bewese rekord van sukses – in goeie en slegte tye;
- Ons volg die voorbeeld van die "slim" geld – en dit is om ook in die buiteland te belê: Vandag word meer as 60% van die winste deur ons top 40 genoteerdemaatskappye buite Suid-Afrika gegeneer. Hierdie tendens sien ons ook by maatskappye soos Truworths, Woolworths, Mediclinic, Spar en verskeie eiendomsmaatskappye nadat hul aandeelhouerskapitaal na die buiteland geneem het;

Met die gedempte globale en plaaslike ekonomiese groeivoorsigte asook die hardnekkige hoë regeringsbesteding, is ons van mening dat die Tesourie gaan sukkel om die boeke te laat klop. Ons verwag dus dat die graderingsagentskappe Suid-Afrika na rommelstatus sal afgradeer. Dit sal 'n negatiewe effek vir die rente-sensitiewe maatskappye soos die banke inhou, maar maatskappye met internasionale blootstelling kan in so 'n geval jou kapitaal beskerm.

Ontspan, daar is wel lewe na rommelstatus

In teenstelling met baie se mening, is daar wél lewe na rommelstatus. Terwyl die Rand, effekte en sommige JSE sektore (veral banke, genoteerde eiendomme en kleinhandelaars) onder druk sal kom, word die komende afgradering tans waarskynlik reeds deels in batepryse gereflekteer. Verder kan 'n mens nou reeds pro-aktiewe stappe neem om die skade sover moontlik te beperk (met verwysing na die bogenoemde). Die boodskap is bloot dat ons nie beheer oor hierdie eksterne invloede het nie. Ons moet eerder fokus om ons kapitaal te bestuur binne die parameters wat die huidige werklikheid van ons vereis. Onthou dat ons die dae van PW Botha se Rubicon toespraak in die tagtigs oorleef het. Indien Suid-Afrika dit kon regkry, behoort ons die afgradering na rommelstatus ook te kan hanteer.